



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## FEBRUARIE/MAART 2013

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

2. Daar is keuses binne sommige vrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (80 punte)
   VRAAG 1 tot 4

   AFDELING B: Ontwerp in 'n sosiale/omgewingskonteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

   AFDELING C: Ontwerp in 'n besigheidskonteks (30 punte)
   VRAAG 7

4. Lees die vereistes van die vrae aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.


7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.


## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

## VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

1.1 Bestudeer die ontwerpe hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




FIGUUR A: ***Coco***, voorblad van 'n tydskrif.




FIGUUR B: ***Joe***, voorblad van 'n tydskrif.

Ontwerp deur Peet Pienaar se ontwerpateljee, The President (Kaapstad), 2009.

1.1.1 Daar word na die TWEE tydskrifvoorblaaie in FIGUUR A en FIGUUR B hierbo as geslagseksklusief verwys. Verduidelik die betekenis van die woord *geslagseksklusief* met betrekking tot die visuele beelde hierbo. (2)

1.1.2 Bespreek hoe die volgende elemente en beginsels in FIGUUR A die 'geslagseksklusiewe' gevoel beklemtoon:

- Kleur
- Vorm
- Tekstuur
- Eenheid en verskeidenheid (8)

1.2





FIGUUR C: ***Esgrimage***, bank deur Paco Camus (Spanje), 2010.

1.2.1 Die ontwerper het 'n uitstekende voorbeeld van optiese illusie geskep. Definieer *optiese illusie* en verwys na EEN element wat gebruik is om die effek hierbo te skep. (2)

1.2.2 Analiseer en bespreek die gebruik van die volgende elemente van ontwerp in FIGUUR C hierbo:

- Kleur en toon
- Vorm (4)


1.2.3 Verduidelik hoe die volgende terme gebruik kan word om FIGUUR C te beskryf:

- Anti-ontwerp
- Beeldhouagtig/Skulptureel (4)

**[20]**

## VRAAG 2

2.1




FIGUUR A: **Alkoholiste Anoniem**, plakkaat deur Pernod Ricard (Londen), 2010.




FIGUUR B: **Arrive Alive**, plakkaat deur 'n onbekende ontwerper (Suid-Afrika), 2010.

Bespreek die boodskap wat in FIGUUR A en FIGUUR B oorgedra word en vergelyk hulle ooreenkomste en verskille. (6)

2.2




FIGUUR C: **Love Your Body Campaign**, plakkaat (Suid-Afrika), 2010.

Identifiseer die vooroordeel of stereotipe wat die plakkaat (FIGUUR C) aanroer. Verduidelik hoe die ontwerp die boodskap van stereotipe en vooroordeel beklemtoon. (4)

**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 Verwys na FIGUUR A en FIGUUR B wanneer jy die vrae wat volg, beantwoord.



FIGUUR A: **Die Marianne Fassler Lente-Somer-versameling**, Afrika-Modeweek (Johannesburg, Suid-Afrika), 2010.



FIGUUR B: Die **Junya Watanabe Lente-Somer-versameling** (New York, VSA), 2009.

Marianne Fassler: 'Ek word natuurlik ook altyd beïnvloed deur stedelike subkultuur (byvoorbeeld emo, hippie, rap, hip-hop, "alternatiewe Afrikaner", "township"-bourgeois, ensovoorts), tradisionele stamdrag en antieke tradisies. Ons is almal 'n som van baie dele.'

3.1.1 Verduidelik hoe die ontwerpe in beide FIGUUR A en FIGUUR B deur stedelike subkultuur en/of tradisionele stamdrag beïnvloed is. Motiveer jou antwoord. (4)

3.1.2 Vergelyk die ontwerpe in FIGUUR A en FIGUUR B deur hulle ooreenkomste en verskille te bespreek volgens:

- Die gebruik van oppervlakpatroon
- Modebykomstighede
- Styl/Snit van die rok (6)

3.2 Bespreek 'n Suid-Afrikaanse ontwerper/agentskap/ateljee wat deur inheemse tradisies en/of subkulture, byvoorbeeld emo, hippie, rap, hip-hop, "alternatiewe Afrikaner", "township"-bourgeois ensovoorts, beïnvloed is.

Gebruik die volgende in jou bespreking:

- Noem die ontwerper en 'n ontwerpproduk.
- Beskryf die ontwerp kortliks.
- Verduidelik die invloede op die ontwerp(e) of besigheid. (10)

**[20]**

## VRAAG 4: ONTWERPGESKIEDENIS

4.1



FIGUUR A: **Parfuumbottel**, Matson, 1920's.



FIGUUR B: **Tee-trekpot**, Marianne Brandt, circa 1927.



FIGUUR C: **Swart Waaier-kristalparfuumbottel**, 1930's.



FIGUUR D: **Teepot**, Soholm-ateljee, 1950's.



FIGUUR E: **Ketel vir Alessi**, Michael Alessi, circa 1985.

Die produkte in FIGUUR A tot E is tipies van die ontwerpbewegings/-style wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Kies TWEE van hierdie produkte en beantwoord die volgende oor ELKE produk:

- Noem watter produk jy bespreek. NOEM die beweging waaraan dit behoort. Verduidelik hoekom hierdie produk aan daardie beweging behoort.
- Bespreek TWEE ander tipiese kenmerke van die beweging wat deur hierdie produk verteenwoordig word.
- Bespreek TWEE invloede op hierdie produk en die styl daarvan.
- Noem EEN ANDER werk/produk en ontwerper van ELKE beweging/styl en gee 'n kort analise daarvan. (20)

4.2



FIGUUR F: **Ring**, **Kuns en Kunsvlyt-beweging**, circa 1882.



FIGUUR G: **Ring**, **Pop-era**, circa 1950.

Die twee prente hierbo, FIGUUR F en FIGUUR G, is uit twee verskillende bewegings in die ontwerpgeskiedenis gekies.

4.2.1 Noem EEN ander ontwerp en ontwerper uit EEN van die style/bewegings, wat deur FIGUUR F en FIGUUR G verteenwoordig word en wat jy dink daardie beweging duidelik weerspieël. (2)

4.2.2 Vergelyk FIGUUR F met FIGUUR G hierbo deur te verwys na:

- Lyn
- Moontlike inspirasie/Invloede
- Kleur
- Tekstuur

(8)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 80**

## AFDELING B: ONTWERP IN 'N SOSIALE/OMGEWINGSKONTEKS

### VRAAG 5

5.1 Bestudeer die sosiale ontwerp hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




FIGUUR A: ***Belkiz Feedaway***, 'n draagbare platpakkinderstoel van karton, ontwerp deur Betul Madakbas (Australië), 2009–2010.

5.1.1 Bespreek kortliks TWEE sosiale voordele van die ontwerp hierbo. (2)

5.1.2 Bespreek EEN INTERNASIONALE ontwerper wat jy bestudeer het wat 'n sosiale kwessie(s) aangepak het. Noem die ontwerper, bespreek 'n ontwerp of ontwerpe en verduidelik hoe die sosiale kwessie aangepak is.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het of wat in hierdie vraestel gebruik word, verwys NIE. (8)

5.2




FIGUUR B: **End Conscription Campaign**, onbekende ontwerper, plakkaat gedurende apartheid (Suid-Afrika), 1980's.

5.2.1 Bespreek TWEE simbole wat in FIGUUR B gebruik is en verduidelik hoe hulle die sosiale boodskap van die plakkaat ondersteun. (4)

5.2.2 Bespreek enige EEN SUID-AFRIKAANSE ontwerper wat 'n sosiale kwessie in sy/haar/hulle werk aangepak het.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het of wat in hierdie vraestel gebruik word, verwys NIE. (6)

**[20]**

## VRAAG 6

Beantwoord TWEE van die volgende drie vrae.

6.1



FIGUUR A: ***Quazi Designs***, gemaak van weggooitydskrifte (Swaziland), 2009.


6.1.1 Verduidelik hoekom die produkte in FIGUUR A hierbo as 'eko-ontwerp' gesien kan word. (2)

6.1.2 Bespreek EEN SUID-AFRIKAANSE ontwerper wie se werk as groen of eko-vriendelik beskou kan word. Noem die ontwerper, gee 'n ontwerptitel, beskryf die ontwerp en verduidelik hoe dit groen kwessies benader.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het of wat in hierdie vraestel gebruik word, verwys NIE. (8)

**EN/OF**

6.2



FIGUUR B: ***Disaster House***, gemaak vir natuurrampe. Dit is gemaak van berkehoutpanele wat inmekaar pas, Gregg Fleishmann, 2006.

6.2.1 Noem TWEE voordele van die ontwerp in FIGUUR B. (2)

6.2.2 Noem en bespreek die werk van enige EEN INTERNASIONALE ontwerper van jou keuse wat deur sy/haar ontwerpe die beskadigde omgewing probeer herstel het.

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het of wat in hierdie vraestel gebruik word, verwys NIE. (8)

**EN/OF**

6.3 'Ontwerpers moet innoverende idees, wat die omgewing respekteer, soek.'

Bespreek die werk van EEN SUID-AFRIKAANSE OF EEN INTERNASIONALE ontwerper wie se werk 'n soeke na innoverende oplossings vir die wêreld se omgewingskrisis toon.

Gebruik die volgende struktuur wanneer jy die vraag beantwoord:

- Naam van die ontwerper
- Invloede op die ontwerper
- Beskrywing en/of kenmerke van een of meer ontwerpe
- Hoe innoverende oplossings gebruik word om omgewingskwessies in hierdie ontwerp(e) op te los

Jy mag NIE na enige ontwerper(s) wat jy voorheen gebruik het of wat in hierdie vraestel gebruik word, verwys NIE.

(10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS**

**VRAAG 7**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.
Beantwoord ÓF VRAAG 7.1 ÓF VRAAG 7.2.


7.1



Basiese Eenheid



Township-behuising



'Quadror'-stelsel wat 'n strukturele en modulêre formasie en aanwending wys waarmee brûe, huise, ensovoorts gebou kan word.

FIGUUR A: ***'QuaDror'-stelsel***, deur Dror Benshetrit aangewend (New York), 2011.

Dror Benshetrit se doel is om verandering in stedelike ontwerp, argitektuur en openbare kuns te inspireer. Hy het besef dat sy revolusionêre stelsel moontlik 'n baanbrekersoplossing vir die globale kwessie van bou en behuising kon wees.

7.1.1 Jy werk vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Behuisingsdepartement. Formuleer 'n voorstel vir die regering oor hoe om die 'Quadror'-stelsel, soos in FIGUUR A, te gebruik deur 'n SWOT-analise aan te bied. (8)

7.1.2 Skryf 'n aanbieding ('pitch') vir die 'Quadror'-stelsel in FIGUUR A as deel van jou voorstel aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Behuisingsdepartement. Gebruik ten minste TWEE van die volgende terme as 'n riglyn:

- Die strukturele manier van bou
- Die gebruik van modulêre eenhede
- Die gebruik van klankdigting
- Die gebruik van voorafvervaardigde materiale
- Die voordele van die gebruik van platpakeenhede (5)

(Aanbieding/'Pitch': 'n Vooraf aanbieding van jou ontwerp aan die kliënt, gefokus op die skep van belangstelling en moontlike belegging.)

7.1.3 Bestudeer die verpakkingsontwerpe hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




FIGUUR B: ***Boxed and Labelled, New Approaches to Packaging Design ('Nuwe Benaderings tot Verpakkingsontwerp')***, deur Gestalten, 2009.



FIGUUR C: **Bolle breiwol**, deur 'n onbekende ontwerper, 2010.

Gee VIER redes waarom daar gesê word dat kreatiewe verpakking in FIGUUR B en FIGUUR C gebruik is. (4)

7.1.4 Hoe sal jy verseker dat enige ontwerpidee bemarkbaar is? Noem DRIE moontlike metodes wat jy kan ondersoek. (3)

7.1.5




FIGUUR D


Bestudeer die UITSTALMETODES hierbo en beantwoord die vraag wat volg.

Elke ontwerpkonsep moet in 'n kompeterende mark uniek wees. Watter taktieke sou jy gebruik om 'n unieke bemarkingswaarde te verseker? Jy mag na die voorbeelde in FIGUUR D verwys. (10)

**[30]**

**OF**


7.2




FIGUUR A




FIGUUR B




FIGUUR C

7.2.1 Watter plakkaat is meer suksesvol, FIGUUR A of FIGUUR B? Gee redes. (2)

7.2.2 FIGUUR C is 'n formele plakkaatontwerp. Hoe verskil dit van FIGUUR A en FIGUUR B? Verwys na die gebruik van:

- Materiale en tegnieke
- Tipografie
- Uitleg (6)

7.2.3

FIGUUR D: Multichoice is 'n onafhanklike media-uitsaaier.

FIGUUR E: 'n Treindiens in Gauteng

Bespreek die visuele leidrade wat in FIGUUR D en FIGUUR E hierbo gebruik is om die doel van elke besigheid te identifiseer. (4)

7.2.4

FIGUUR F

FIGUUR G

Vergelyk die twee logo's hierbo (FIGUUR F en FIGUUR G). Verwys na die gebruik van die volgende in jou antwoord:

- Vorm
- Kleur
- Lettertipe
- Simbolisme (8)

7.2.5 Gee VIER redes hoekom 'n besigheidsplan belangrik is. (4)

7.2.6 In enige besigheid het 'n werknemer sekere verwagtinge van sy/haar werkgewer. Noem VIER verwagtinge. (4)

7.2.7 Noem TWEE kostelose of laekoste-maniere om jou produk te adverteer. (2)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou